

Vrydag 24 Mei

Skrifgedeelte: Josua 23:1 – 24:13

Fokusgedeelte: Josua 23:14

Die Here loop voor – volg jy Hom?

Josua is deur die HERE geroep om Israel in Kanaän in te lei. Op sy oudag roep hy die volk bymekaar by Sigem en herinner hulle aan al die genade en goedheid van die HERE om hulle te lei uit Egipte, deur die Rooi See en die woestyn, tot binne die beloofde land. God maak sy beloftes waar, maar dan op sy tyd en wyse. Die belofte aan Abraham om Kanaän as besitting te verkry, het meer as 400 jaar geneem om werklikheid te word. God is getrou en nie een van die beloftes het onvervuld gebly nie.

Let op hoe Josua dit stel. Die HERE het vooruit getrek, deur die Rooi See, deur die woestyn tot binne Kanaän. Ons keer die orde te maklik om. Ons stel dat die Here saam met ons moet trek. Nee, ons trek saam met die HERE! Hy loop voor en ons volg!

Die kerkgeskiedenis is vol voorbeelde hoe Christus sy kerk lei. Dit is deur die werking van die Heilige Gees dat verskeie kerkreformasies plaasgevind het. Die Sinode van Nicea (325 nC) tot die Reformasie van die 16de eeu is baie bekend. In die GKSA se kerkgeskiedenis was die reformasie van 1859 nie 'n kerkistiese “stigting” van 'n kerk nie. Kerkisme is uiters gevaarlik, want dan word dit “my – die mens se” kerk en ek nooi Christus om saam te trek. Bronne uit 1859 dui duidelik op die innige wens om terug te keer na die suiwer Woord van God deur in leer, diens en tug (soos bely deur die Sinode van Dordrecht 1618-1619) die HERE in gehoorsaamheid te volg.

Christus lei sy kerk, Hy is die Herder, Hy stap voor soos die herder van ouds, ons volg Hom. Nie een van die beloftes wat Hy gee, sal onvervuld bly nie, Hy voer alles uit – daarom verlang ons na die vervulling van die belofte van die wederkoms.

Sing: Psalm 95-1:1, 4

Ds. PA Coetzee (Peet) (Emeritus)